# OORDELE – 3
**(HEIDENE)**

## TEMA: VOLHEID VAN DIE HEIDENE

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

Nota: U word aangeraai om die vorige lesing(s) oor hierdie insiggewende onderwerp "Oordele" te bestudeer.

-o0o-

**SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING**:

**Romeine 11:25 Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het;**
**Rom 11:26 en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddelooshede van Jakob afwend;**

**2 Korinthiërs 3:11 Want as wat moes vergaan, met heerlikheid was, veel meer is wat moet bly, in heerlikheid.**
**2 Kor 3:12 Terwyl ons dan sodanige hoop het, gebruik ons baie vrymoedigheid;**
**2 Kor 3:13 nie soos Moses nie, wat 'n bedekking oor sy aangesig gesit het, sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die einde van wat moes vergaan nie.**

Ons gaan weer daardie 5 punt ster deur. (Verwys na vorige lesing Oordele 2)

- Politiek
- Tradisies
- Mammon
- Hoerery
- Okkulte

Hierdie 5 tentakels of arms, is satan se regering, waarmee hy 'n houvas op die ganse mensdom en die hele aarde vandag het. Hiermee kontroleer, beheer, hanteer en manipuleer hy. Dit is orals te sien, in jou werksomstandighede, in jou familiekringe en in baie kerkverbande. Baie kerke stel nie meer belang in siele nie. Dit gaan nou oor geldmaak. Daar is soveel mense wat profeteer vir geld. Hoeveel kerke is gebaseer hierop? Kerkraadslede word gekies, nie op grond van hul geestelike lewe nie, maar op grond van hoe 'n groot tiende hulle elke maand gee. Vals. Alles is vals.

### 1. VOLHARDING

### i) Val van die groot hoer
Waarom moet hierdie groot hoer val? Ons sien dit in Romeine 11.

-o0o-

**Romeine 11:25 Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het;**

Hierdie **verborgenheid** is *sodat julle nie eiewys mag wees nie*. So hulle moenie probeer om vir hulself dinge uit te redeneer nie. Hy sê dat Hy hierdie verborgenheid vir hulle sal meedeel, sodat hulle nie hoef te dink dat hulle alles weet nie.

Wat is *hierdie verborgenheid* oor Israel?
Onthou, toe God Homself openbaar het aan Sy volk Israel, deur Moses, sê hulle dat hulle nie hierdie God wil sien nie, want hierdie God maak hulle bang. Hulle was nog te lief vir Egipte en het nog van die vleispotte van Egipte gedroom.

## ii) Sluier Bedekking Verhard Harte

**2 Korinthiërs 3:11 Want as wat moes vergaan, met heerlikheid was, veel meer is wat moet bly, in heerlikheid.**
**2 Kor 3:12 Terwyl ons dan sodanige hoop het, gebruik ons baie vrymoedigheid;**
**2 Kor 3:13 nie soos Moses nie, wat 'n bedekking oor sy aangesig gesit het, sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die einde van wat moes vergaan nie.**
**2 Kor 3:14 Maar hulle sinne is verhard. Want tot vandag toe bly by die lesing van die Ou Testament dieselfde bedekking sonder dat dit opgelig word, die bedekking wat in Christus vernietig word.**
**2 Kor 3:15 Ja, tot vandag toe, wanneer Moses gelees word, lê daar 'n bedekking oor hulle hart;**
**2 Kor 3:16 maar wanneer hulle tot die Here bekeer is, word die bedekking weggeneem.**

Wat het hier gebeur?
God kom na Israel en sê dat Hy 'n verbond (covenant) met Israel wil sluit (*die verbond van die besnydenis*), maar hulle wou nie. As gevolg van God se verbond van die besnydenis met Abraham (Gen. 17), wou God vir hulle 'n strop om hulle nekke sit en sodoende hulle dwing om Hom lief te hê. Hy wou die wet gebring het, omdat Hy Israel gekies het om Sy vrou te wees. Die verbond tussen God en Israel, die verbond van die besnydenis waar bloed betrokke is, sou dan die Messias, die liefde tussen God en Israel, voortbring. Israel het geweier en gesê "nee ons wil nie hierdie God hê nie, bedek jou gesig Moses".

## iii) Liefdesverbond

God het weer en weer probeer totdat Hy Israel heeltemal verwerp het. God het na Dawid toe gedraai en vir Dawid gevra om Sy Bruid te wees. Hy het vir Dawid gevra of hy bereid sal wees om Hom lief te hê, om Sy vrou te word, om met Hom die verbond aan te gaan en of Hy die tabernakel van Dawid kon oprig. Die antwoord is in Psalm 23, waar Dawid gesê het *die Here is my herder*. Dit is die liefdes-aanvaarding van die liefdesverbond. *(Ek behandel dit volledig in die kursus).*

- Die vrug word nou gerealiseer in die liefde tussen God die Vader en Dawid.
- Dit is waarom die Messias die Seun van Dawid genoem word en nie die Seun van Israel nie. (Matt 21:9)

-o0o-

### iv) Slegs bekering neem die bedekking weg

**2 Kor 3:13 nie soos Moses nie, wat ‘n bedekking oor sy aangesig gesit het, sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die einde van wat moes vergaan nie.**
**2 Kor 3:14 Maar hulle sinne is verhard. Want tot vandag toe bly by die lesing van die Ou Testament dieselfde bedekking sonder dat dit opgelig word, die bedekking wat in Christus vernietig word.**
**2 Kor 3:15 Ja, tot vandag toe, wanneer Moses gelees word, lê daar ‘n bedekking oor hulle hart;**
**2 Kor 3:16 maar wanneer hulle tot die Here bekeer is, word die bedekking weggeneem**

Die Bybel sê nou, in vers 13 dat hulle nie die vrug kon sien nie, dat hulle *nie die oë kon vestig op die einde* van wat moes gebeur het nie, as gevolg van die bedekking wat oor hulle gesit is.

**Wat was die uiteindelike doel gewees met dit wat God gedoen het?**

- Hy wou ŉ vrug, ŉ liefdeskind, voortbring uit Israel.
- Die Messias moes uit Israel gebore word.

Hulle kon Hom nie sien nie, want hulle was nie betrokke by die liefdesverbond nie, daarom weet hulle nie wie Hy is nie. Hulle ken Hom nie en hulle weet nie wie die liefdesverbond is nie. Hulle weet nie wie die liefdeskind is nie. Hulle kan nie die Messias sien nie, want dit is vir hulle bedek (verblind).

- Alleenlik in Christus, sê die Woord, moet hulle nou dieselfde paadjie loop as die heiden (gentile).
- Hulle moet ook bekeer en slegs dan sal hierdie bedekking weggeruk word.
- Hulle staan nou heel agter in die ry.

## 2. VOLHEID VAN DIE HEIDENE

Ons gaan nou terug na Romeine 11

**Rom 11:25 Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het;**

Verstaan julle nou *die volharding*? Dit is die volharding wat gekom het.

Wie is hierdie *volheid van die heidene*? Ons lees dit in Openbaring 20.

- Dit is hulle wie se name geskrywe staan in die Boek van die Lewe, voor die grondlegging van die aarde,
- Die wie in gebondenheid vasgevang is – die wat in hierdie Babiloniese sisteem vasgevang is,
- Die wat wel die kans gekry het, maar gemanipuleer en vas gehou is.

**Rom 11:26 en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddelooshede van Jakob afwend;**

Dit is waarom die volheid van die heidene moes inkom.

- Mense is gebonde,

-o0o-

- Verkeerde woord word vir hulle gegee en
- Hulle veral, volg die tradisies.

Die waarheid word nie vir hulle verkondig nie, maar hierdie mense se name is alreeds voor die grondlegging van die wêreld in die Boek van die Lewe geskryf (Open 20:15). Dit is die oes wat op Boas se lande kom.

**i) RUT**

Kyk mooi wat sê Boas vir Rut. *"Tel vir my die are op hierdie land op. Moenie op iemand anders se lande gaan optel nie, maar wel op my land."* (Rut 2). Met ander woorde, dit is Christus. "Arbei vir my hier op My lande want hier is alles wat jy nodig het, soos kos en water". Rut werk daar en op 'n stadium kom Boas en hy sê vir die maaiers, *"trek vir my van die are uit die gerwe uit en dan laat julle dit lê, sodat Rut dit kan optel*". Nadat die are geval het vir Rut, is daar nog steeds ander are in hierdie gerwe vasgevang.

- Dit is die are wat dorsvloer toe moet gaan.
- Hulle moet geoordeel (judged) word. Die oordeel (judgment) wat gaan kom as gevolg van die gebondenheid, die Babiloniese sisteem wat mense op mense gelê en vasgemaak het.

Rut moes haarself vermom het soos 'n man. Sy moes dorsvloer toe gaan, maar onthou die Bruid, Rut, is nie deel van die oordeel (judgment) nie.

- Sy is gesluier.
- Haar identiteit is verberg en hulle weet nie wie sy is nie.
- Net die wat dieselfde gees het, kan haar herken.
- Die wat nie dieselfde gees het nie, dink sy is 'n bedreiging.

Rut moes haarself is in die nag op die dorsvloer vermom soos 'n man, want 'n vrou mag nie op die dorsvloer kom nie. Die gees van **wysheid**, Naomi, het vir haar gesê om na die dorsvloer toe te gaan en verduidelik haar wat om te doen. (Rut 3) Hierdie oordeel (judgment) kom op die dorsvloer. Kyk baie mooi wat maak Boas na hierdie dors proses. Hy staan op en dan gee hy vir haar ses mate van hierdie gars. (Rut 3:15).

- **Ses** is die getal van die **mens**.
- Hy plaas die mensdom terug in haar hande en Hy sê vir haar dat dit haar, Sy vrou, se gedeelte is.

"*Ek het jou oordek met my mantel, ek vat jou tjalie en ek sit hierdie ses mate gars binne in jou hande. Ek sit die mensdom binne in jou hande. Ek sit hulle wat uit hierdie sisteem kom, wat geoordeel (judged) is, binne in jou hande, sodat jy dit kan beheer en hanteer".* Wat ookal met die res gebeur het, geëet of verkoop gaan na die dorsvloer, maar die ses mate gars, die getal van die mens, kom in haar hande.

Dit is die volheid van die heidene volgens Romeine 11.

**ii) RAGEL**

Nou gaan kyk ons na 'n ander vrou, Ragel.

Ragel is Jakob se liefling vrou. Ragel het twee seuns gehad. Die eerste seun was Josef. Hy was die oudste, die eersgeborene van Ragel. Sy pa het hom geklee met 'n kleed van baie kleure. (Gen. 37:3)

-o0o-

- Dit is die embleem van *die volheid van die heidene* (gentiles) Rom 11:25.
- Alle nasies is verenig in Christus Jesus.
- Dit is Josef.

Die volheid van die heidene moet eers inkom, dus Josef moet eers gebore word. As Ragel klaar vir Josef gebaar het, dan sal sy 'n tweede kind baar, genaamd Benjamin. Benjamin is die Jood. Nadat die *volheid van die heidene ingegaan het* sal, soos geskrywe is, *die hele Israel gered word.*

Rom 11:25 Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het;

Ragel, die Bruid, skenk geboorte aan Benjamin. Josef en Benjamin het mekaar nie geken nie, maar iets gebeur.

- Ragel sterf by die geboorte van Benjamin (Gen. 35)
- Haar werk is klaar
- Dit is die wegraping (Rapture).

Die Here kom haal haar, want sy het klaar geboorte gegee aan Josef, haar oudste seun, die *volheid van die heidene*. Sy was die getuie van die opstanding, en van Benjamin. Josef is eers Egipte toe, waarna Benjamin daar aankom.

- Benjamin kan alleenlik gered word as gevolg van die silwer beker van Josef in sy sak. (Gen. 44)
- Die silwer beker, die gebede van die heiliges, sal vir Israel inbring.
- Daarom is dit so belangrik is dat ons vir Israel moet bid.

Die Bruid *(Ragel)* is nou weggeraap (rapture), maar Josef *(heidene)* en Benjamin *(Jode)* het mekaar nie geken nie. Hierdie volheid van die heidene *(Josef)* en Benjamin *(Jood),* sal mekaar in Egipte ontmoet. Die volheid van die heidene sal wel geoordeel (judged) word en is die ses mate gars *(Rut)*.

In Egipte sal Josef en Benjamin weer broederskap aanvaar en mekaar omhels. Daar sal hulle een word in die groot verdrukking. Dit is waarom die Bybel praat van hulle wat in die groot verdrukking kom. Niemand word in die groot verdrukking gered nie. Hulle is reeds voor die tyd gered, want Ragel *(bruid)* het reeds aan Josef *(heidene)* en Benjamin *(Jood)* lewe geskenk voor daardie tyd.

=o0o=

-o0o-